Verslagwaardig: ~~Ja~~ / Nee
Sirkuleer aan Regters: ~~Ja~~ / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: ~~Ja~~ / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 195/02

Datum verhoor: 2004-02-11

Datum gelewer: 2004-02-13

In die appél van:

**DENIS FREDDIE DRUDE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R

## UITSPRAAK IN DIE AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER

**MAJIEDT R:**

1. Die Applikant se appél teen sy skuldigbevinding op twee aanklagte van 'n oortreding van art 5(b) van Wet 140 van 1992, deurdat die Applikant handel gedryf het in kokaÔene, is deur ons afgewys. Hy doen nou aansoek vir verlof om te appelleer na die Hoogste Hof van Appél teen ons voormelde beslissing.

2. Die toets op hierdie stadium is bloot of daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat 'n ander Hof tot 'n ander bevinding kan kom as die een waartoe ons gekom het. 'n Bloot argumenteerbare saak is nie voldoende nie:

   **R v Baloyi** 1949(1) SA 523 (A) te 524; nog minder is die blote moontlik-heid van sukses op appél genoegsaam:

**S v Ceasar** 1977(2) SA 348 (A) te 350 E;
**S v Sikosana** 1980(4) SA 559 (A) te 562 D-F

3. Mnr. Van Heerden het namens die Applikant hoofsaaklik op drie bepaalde aspekte submissies aan ons voorgehou in sy betoog:

a) die kwessie van identifikasie van die Applikant;

b) die hantering van die bewysstukke (kokaÔene); en

c) die toelaatbaarheidskwessie.

4. Ek het in my uitspraak volledig gehandel met aspekte 3(a) en 3(b) hierbo en volstaan ek met my redes vir die afwysing van die appél op daardie bepaalde gronde. Na my mening het die Staat bo redelike twyfel die Applikant se identiteit bewys, omrede die identifikasiegetuie (Otto) se geloofwaardigheid nie aangeval is nie en hy oorgenoeg tyd gehad het vir 'n betroubare waarneming. Verder is ek

tevrede dat daar genoeg ooreenstemmende kenmerke bestaan tussen die bewysstukke soos dit versend is en die forensiese verslae vanaf die SAPD se forensiese laboratorium.

5.1 Aspek 3(c) verg verdere oorweging, bo en behalwe dÌt wat redelik volledig behandel is in my uitspraak op appél.

5.2 Mnr. Van Heerden het ons verwys na ‘n aantal beslissings waar bevind is dat die versuim om die toelaatbaarheid van getuienis te bepaal in ‘n binneverhoor, daartoe aanleiding gegee het dat die skuldigbevindings tersydegestel is op grond daarvan dat daar op ‘n bepaalde beskuldigde se grondwetlike reg op ‘n billike verhoor inbreuk gemaak is.

5.3 Artikel 35(5) van die Grondwet, 108 van 1996, sowel as die bepalings van art. 252A(3) van die Strafproseswet, 51 van 1977, verleen aan ‘n Hof ‘n diskresie by ‘n geval soos die onderhawige. In die geval van art. 35(5) is die vraag of toelating van die bepaalde getuienis die verhoor onbillik sou maak of andersins nadelig sou wees vir die regspleging. In die geval van art. 252A(3) is die vraag of “*die toelating van sodanige getuienis die verhoor onregverdig sou maak of op ‘n*

*ander wyse tot nadeel van die regspraak sou wees*".

5.4 Mnr. Van Heerden het aangevoer dat die onbillikheid van die verhoor en gevolglike benadeling van die Applikant daarin geleë is dat die landdros vir die Applikant se advokaat gekortwiek het in sy kruisondervraging van die Staatsgetuie Otto (die lokvink) oor hierdie bepaalde aspek. Volgens Mnr. Van Heerden het hierdie optrede van die landdros die advokaat ook aan bande gelÍ in sy kruisondervraging van Kaptein Topkin. Die oorkonde ondersteun nie hierdie argument nie. Otto se getuienis hieroor het as volg verloop tydens kruisondervraging:

> "En die Prokureur-Generaal moet skriftelik magtiging gee vir so 'n situasie. As jy dit nie het nie kan jy dit nie doen nie .... Dit is hoekom ek sÍ dat kaptein Topkin hieroor kan getuig".

5.5 'n Mens sou verwag het dat, toe Topkin kom getuig het, die advokaat juis op sterkte van die bovermelde aangehaalde antwoord deur Otto, pertinent vir Topkin sou kruisondervra aangaande hierdie aspek. Ten spyte daarvan dat die advokaat vir ruim 6 of 7 getikte bladsye van die oorkonde vir Topkin gekruisondervra het oor art. 252A se bepalings, is sodanige kruisondervraging

hoegenaamd glad nie gekortwiek of enigsins belemmer deur die landdros nie.

5.6 Ek verstaan nie hoedat die inmenging met die kruisondervraging van Otto die afleiding regverdig dat die advokaat gekniehalter was in sy daaropvolgende kruisondervraging van Topkin, nieteenstaande die algehele gebrek aan inmenging deur die landdros in hierdie bepaalde kruisondervraging nie.

5.7 Daar was, na my mening, twee kardinale aspekte ten aansien van die art. 252A optrede wat met Topkin opgeneem moes word, te wete:

a) die feit van die toestemming van die DOV se kantoor om die Applikant te teiken in 'n art. 252A optrede; en

b) of meer as een transaksie in sodanige optrede gemagtig is.

Albei hierdie aspekte is toe wel deeglik in die kruisondervraging van Topkin behandel. Ek verstaan glad nie hoedat die hou van 'n binneverhoor die Applikant in 'n beter posisie sou plaas nie.

5.8 Ek is derhalwe tevrede, vir die redes voorgehou in die uitspraak op appél, aangevul deur die redes hierin, dat die versuim om 'n binneverhoor te hou, glad nie die Applikant benadeel het nie.

6. Daar is na my mening geen redelike vooruitsig dat 'n ander Hof tot 'n ander bevinding sal kom as ons s'n nie.

**Die aansoek om verlof om te appelleer na die Hoogste Hof van Appél word afgewys.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

__________________

**HJ LACOCK**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPLIKANT | : | ADV CF VAN HEERDEN |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV JJ CLOETE |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-02-11 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | |